

**DIE EVALUERING EN VERFYNING VAN MEETINSTRUMENTE  
EN DIE GEBRUIK VAN RAMONA IN DIE MODELLERING VAN  
LATENTE VERANDERLIKE STRUKTURE.**

deur

SURIKA JULYAN

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereiste vir die graad

MAGISTER COMMERCII

in die departement

STATISTIEK

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIELEIER: PROFESSOR F L VIVIER  
MEDE-STUDIELEIER: S M MILLARD

JANUARIE 1996

## DANKBETUIGINGS

By die aanbieding van hierdie skripsie wil ek graag my opregte dank en waardering betuig teenoor almal wie se samewerking, hulp en ondersteuning hierdie navorsing moontlik gemaak het. In besonder wil ek dank betuig aan:

1. Hom - die Skepper wat oor alle mag en wysheid beskik - vir krag, gesondheid, verstand en genade aan my geskenk om hierdie studie te kon voltooi.
2. My studieleier, prof F L Vivier, vir sy bekwame leiding en belangstelling.
3. My mede-studieleier, mnr S M Millard, vir sy leiding, bystand en ondersteuning.
4. Mnr Gerhard Mels van die Universiteit van Port-Elizabeth vir die deel van waardevolle kennis en sy volgehoue ondersteuning en hulp met RAMONA en die aanverwante tegniese aspekte.
5. Prof A B Boshoff van die Nagraadse Bestuurskool, Universiteit van Pretoria, vir die geleentheid om my navorsing op sy data te kon uitvoer en vir sy besondere ondersteuning en die geleenthede wat hy vir my gebied het.
6. Mnr P C van Blommestein vir uitsonderlike hulp (dag en nag) met die rekenaar en pakkette. Sonder sy ondersteuning en aanmoediging sou alles nie so vlot verloop het nie.
7. My pa, wat vir twee jaar lank voluit agter my gestaan het en veral die laaste vier maande baie aktief hulp verleen het. Hy het my werklik deur hierdie studie gedra.
8. My ma wat deurentyd vir my 'n steunpilaar was en moed ingepraat het as ek moedeloos geraak het en wat alles uit my hande geneem het, sodat ek genoeg tyd gehad het om hierdie studie te voltooi.
9. My familie en skoonfamilie wat deel was van 'n groot ondersteuningsnetwerk.
10. My dierbare en naby vriende wat my omstandighede verstaan het, altyd daar was vir my en my ondersteun het.

## DIE EVALUERING EN VERFYNING VAN MEETINSTRUMENTE EN DIE GEBRUIK VAN RAMONA IN DIE MODELLERING VAN LATENTE VERANDERLIKE STRUKTURE.

deur SURIKA JULYAN voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereiste vir die graad

MAGISTER COMMERCII in die departement STATISTIEK aan die  
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

STUDIELEIER: PROFESSOR F L VIVIER  
MEDE-STUDIELEIER: S M MILLARD

### OPSOMMING

In die Sosiale Wetenskappe, en in die jongste tyd ook in die ander Wetenskappe, moet konstrukte (latente veranderlikes) gemeet word. Dit is egter nie moontlik om vooraf te weet of die vrae wat gestel word, wel die bepaalde konstrukt akkuraat gaan meet nie. Die meetinstrument wat gevvolglik gebruik word om 'n konstrukt te meet moet eers gesuiwer word voordat dit in 'n model gebruik kan word, aangesien onsuiwer meetinstrumente 'n groot invloed het op die resultate van die modelpassing.

Die doel van die studie was om meetinstrumente te suiwer (verfyn) en om dan 'n model te bou wat die beste by die data pas en die oorsaaklike verband tussen die konstrukte weergee. In besonder is aandag gegee aan die verfyning van meetinstrumente vir werkstevredenheid, werksbetrokkenheid en beroepsoriëntering. 'n Psigometriese model, wat die oorsaaklike verband tussen die verskillende konstrukte en biografiese faktore weergee, is daarna gebou.

In hierdie studie is daar ondersoek ingestel na die verfyning van meetinstrumente (toetsing van betroubaarheid en geldigheid) en die bou van modelle.

Dit het geblyk dat die metodes om 'n meetinstrument te verfyn, naamlik Cronbach se Alpha en verkennende faktoranalise, die betroubaarheid en geldigheid van 'n instrument maksimeer. Die meetinstrumente is gevvolglik met groot sukses verfyn. Dit blyk ook dat RAMONA 'n baie suksesvolle rekenaarpakket vir die bou van modelle is.

## **THE EVALUATION AND REFINEMENT OF MEASURING INSTRUMENTS AND THE USE OF RAMONA IN THE MODELLING OF LATENT VARIABLE STRUCTURES.**

by SURIKA JULYAN presented as partial fulfillment of the requirements for the degree

MASTER IN COMMERCE in the department of STATISTICS at the  
UNIVERSITY OF PRETORIA.

SUPERVISOR: PROFESSOR F L VIVIER  
JOINT-SUPERVISOR: S M MILLARD

### **SUMMARY**

In the Social Sciences, and recently also in other Sciences, constructs (latent variables) are being measured. It is however, not possible to know in advance whether the questions being asked will accurately measure the said construct. The measuring instrument that is being used to measure a construct should therefore first be refined before it is used in a model. Unrefined (raw) measuring instruments can have a major influence on the results of model fitting.

The objective of the study was to refine measuring instruments and subsequently to build a model which will best fit the data and will reflect the causal relationship between constructs. Specific attention was paid to refining the measuring instruments for job satisfaction, job involvement and career orientation. A Psycometrical model was eventually built, which reflected the causal relationship between the different constructs and the biographical factors.

In this study the refinement of measuring instruments (verification of reliability and validity) and model building were investigated.

It was evident that the methods for the refinement of measuring instruments, that is Cronbach's Alpha and exploratory factor analysis, maximised the reliability and validity of an instrument. The measuring instruments were consequently successfully refined. It was finally also evident that RAMONA is a very successful computer package for the building of models.

## INHOUDSOPGawe

<b>HOOFSTUK 1: INLEIDING</b>	<b>1</b>
1.1 AGTERGROND	1
1.2 PROBLEEMSTELLING	2
1.3 DOEL VAN DIE STUDIE	2
1.4 TEKORTKOMINGE	3
1.5 NAVORSINGSPERSPEKTIEF	3
<b>HOOFSTUK 2: TEORETIESE AGTERGROND</b>	<b>4</b>
2.1 INLEIDING	4
2.2 BETROUABAARHEID EN GELDIGHEID VAN METINGS	4
2.2.1 Agtergrond	4
2.2.2 Meting	4
2.2.3 Betroubaarheid	7
2.2.4 Geldigheid	12
2.3 FAKTORANALISE	15
2.3.1 Definisie en Agtergrond	15
2.3.2 Beperkinge	18
2.3.3 Teoretiese Formulering	19
2.3.4 Faktorrotasie	25
2.3.5 Die waarde van faktoranalise	30
2.4 BAANSTRUKTUURONTLEDING	30
2.4.1 Definisie en Agtergrond	30
2.4.2 Metode en Beginsels	31
2.4.3 Ramona	33
2.4.4 Interpretasie van passingstoetse	34
2.5 REKENAARPROGRAMME EN -SAGTEWARE	34
<b>HOOFSTUK 3: NAVORSINGSMETODOLOGIE</b>	<b>36</b>
3.1 INLEIDING	36
3.2 METODE	36
3.2.1 Respondente	36
3.2.2 Instrumente	38
3.3 VRAElys	39
3.4 DIE BELANGRIKHEID VAN DIE VLAK VAN 'N METING	44

<b>HOOFTUK 4: ONTLEDING VAN RESULTATE</b>	<b>45</b>
<b>4.1 INLEIDING</b>	<b>45</b>
<b>4.2 MEETINSTRUMENTE EN BEPERKINGS</b>	<b>46</b>
<b>4.3 CRONBACH SE ALPHA</b>	<b>47</b>
4.3.1 Beroepsoriëntering	48
4.3.2 Werksbetrokkenheid	48
4.3.3 Werkstevredenheid	50
4.3.4 Opsomming	55
<b>4.4 FAKTORANALISE</b>	<b>55</b>
<b>4.5 RAMONA (Reticular Action Model Or Near Approximation)</b>	<b>58</b>
4.5.1 Model 1	58
4.5.2 Model 2	60
4.5.3 Model 3	62
4.5.4 Model 4	64
4.5.5 Model 5	66
<b>4.6 EVALUERING VAN MODELLE</b>	<b>68</b>
<b>HOOFTUK 5: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS</b>	<b>69</b>
<b>5.1 INLEIDING</b>	<b>69</b>
<b>5.2 GEVOLGTREKKINGS</b>	<b>69</b>
<b>5.3 AANBEVELINGS</b>	<b>69</b>
<b>BIBLIOGRAFIE</b>	<b>71</b>
<b>BOEKЕ</b>	<b>71</b>
<b>ARTIKELS</b>	<b>74</b>
<b>REFERATE EN SEMINARE</b>	<b>76</b>
<b>BYLAAG A</b>	<b>77</b>

## LYS VAN TABELLE

TABEL	BLADSY	
3.1:	Responskoerse van die verskillende professionele groepe	37
3.2:	Skaaltipes en eienskappe	39
3.3:	Geslagsfrekwensies per professionele groep	40
3.4:	Frekwensies van huistaal per professionele groep	41
3.5:	Frekwensies van werkgewer per professionele groep.	42
4.1:	Komponente van latente veranderlikes	47
4.2:	Cronbach se Alpha vir beroepsoriëntering (eerste fase)	48
4.3:	Cronbach se Alpha vir werksbetrokkenheid (eerste fase)	49
4.4:	Cronbach se Alpha vir werksbetrokkenheid (tweede fase)	49
4.5:	Cronbach se Alpha vir werksbetrokkenheid (derde fase)	50
4.6:	Cronbach se Alpha vir werkstevredenheid (eerste fase)	51
4.7:	Cronbach se Alpha vir werkstevredenheid (tweede fase)	52
4.8:	Cronbach se Alpha vir werkstevredenheid (derde fase)	53
4.9:	Cronbach se Alpha vir werkstevredenheid (vierde fase)	54
4.10:	Betroubaarheidskoëffisiënte vir latente veranderlikes	55
4.11:	Faktorladings vir latente veranderlikes	56
4.12(a):	RAMONA resultate vir Model 1	59
4.12(b):	Puntberamings vir Model 1	59
4.13(a):	RAMONA resultate vir Model 2	61
4.13(b):	Puntberamings vir Model 2	61
4.14(a):	RAMONA resultate vir Model 3	63
4.14(b):	Puntberamings vir Model 3	63
4.15(a):	RAMONA resultate vir Model 4	65
4.15(b):	Puntberamings vir Model 4	65
4.16(a):	RAMONA resultate vir Model 5	67
4.16(b):	Puntberamings vir Model 5	67

## LYS VAN FIGURE

FIGURE	BLADSY
2.1: Ortogonale- en Skuins-as rotasie	28
4.1: Struktuur van werkswyse vir hoofstuk 4	45
4.2: Baanstruktuurdiagram (Model 1)	58
4.3: Baanstruktuurdiagram (Model 2)	60
4.4: Baanstruktuurdiagram (Model 3)	62
4.5: Baanstruktuurdiagram (Model 4)	64
4.6: Baanstruktuurdiagram (Model 5)	66
4.7: Finale baanstruktuurdiagram van beste model	68

# HOOFSTUK 1: INLEIDING

## 1.1 AGTERGROND

Wêreldwyd het daar oor die afgelope aantal jare 'n klemverskuiwing plaasgevind wat navorsingsmetodiek aanbetrif. Die neiging is dat daar nie net volstaan word met basiese beskrywende analises en die normale ontledingstegnieke nie, maar dat die proses verder gevoer word tot waar 'n model gebou word om die oorsaaklike verband tussen konstrukte (latente veranderlikes) aan te dui<sup>1</sup>.

Met die opheffing van sanksies en Suid-Afrika se hertoetrede tot die internasionale gemeenskap, het plaaslike navorsers nou weer blootstelling gekry aan internasionale navorsingstendense.

Ten einde op hierdie gebied mededingend te bly is dit dus noodsaaklik dat voortdurende verdere studie op nuut-ontwikkelde tegnieke gedoen word.

Die internationale kongres, ICMA (International Conference of Management in Africa), wat onlangs by die Universiteit van Pretoria aangebied is, het die belangrikheid van kundigheid op alle gebiede van navorsing beklemtoon en die noodsaaklikheid van voortdurende navorsing ten aansien van internationale tendense, formele beslag gegee.

---

<sup>1</sup> Boshoff & Mels (1995:25-32) Anderson & Williams (1992:638-650)  
Boshoff & Mels (1995:23-42) Gregson & Wendell (1994:106-113)  
Paci, Wagstaff & Holl (1993:65-85) Williams & Anderson (1994:323-331)  
Jaros, Jermier, Koehler & Sincich (1993:951-995)

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

In die verlede is regressie-analise gebruik om die oorsaaklike verband tussen 'n afhanglike veranderlike en 'n aantal onafhanglike veranderlikes te bepaal. 'n Model is dan gebou deur gebruik te maak van die regressievergelyking.

In gevalle waar 'n groot aantal veranderlikes gebruik word om 'n enkele konsep (konstruk) te meet (byvoorbeeld houding, tevredenheid, persepsie en nog vele meer), ontstaan daar egter 'n probleem wanneer die oorsaaklike verband tussen die konsepte vasgestel moet word.

In die Sosiale Wetenskappe en in die jongste tyd ook in die ander Wetenskappe, moet konstrukte gemeet word. Dit is egter nie moontlik om vooraf te weet of die vrae wat gestel word, wel die bepaalde konstruk akkuraat gaan meet nie. Die meetinstrument wat gevvolglik gebruik word om 'n konstruk te meet moet eers gesuiwer word voordat dit in 'n model gebruik kan word, aangesien onsuiwer meetinstrumente 'n groot invloed het op die resultate van die modelpassing.

## 1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die studie is om meetinstrumente te suiwer (verfyn) en om dan 'n model te bou wat die beste by die data pas en die oorsaaklike verband tussen die konstrukte weergee. In besonder sal aandag gegee word aan die verfyning van meetinstrumente vir werkstevredenheid, werksbetrokkenheid en beroepsoriëntering. 'n Psigometriese model, wat die oorsaaklike verband tussen die verskillende konstrukte en biografiese faktore weergee, sal dan gebou word.

## **1.4 TEKORTKOMINGE**

Die data wat gebruik is, is bestaande data en is nie spesifiek vir die doel van die huidige studie ingesamel nie. Koste- en tydsaspekte het 'n rol gespeel by hierdie oorweging. 'n Verdere tekortkoming is die feit dat die studie slegs 'n skripsié is en daarom beperk is ten opsigte van die omvang.

## **1.5 NAVORSINGSPERSPEKTIEF**

In die opvolgende hoofstukke sal vervolgens aan die volgende aspekte aandag geskenk word:

- teoretiese agtergrond;
- navorsingsmetodologie;
- ontleiding van resultate en
- gevolgtrekkings en aanbevelings.

## HOOFSTUK 2: TEORETIESE AGTERGROND

### 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal 'n literatuurstudie oor elkeen van die komponente, betrokke in hierdie studie, uitgevoer word. Daar sal gepoog word om 'n voldoende teoretiese agtergrond te verskaf, waarop die toepassings in die verdere hoofstukke gebaseer is. Die komponente, te wete geldigheid van metings, verkennende- en bevestiende faktoranalise, baanstruktuurontleding ("Path analysis") en ook toepaslike rekenaarpakkette sal vervolgens behandel word.

### 2.2 BETROUABAARHEID EN GELDIGHEID VAN METINGS

#### 2.2.1 Agtergrond

Betroubaarheid en metingsgeldigheid is verwant. 'n Meting kan nie geldig wees as dit nie betroubaar is nie, maar 'n betroubare meting is nie noodwendig geldig nie. (Kervin 1992:268.)

As daar geen kennis oor die geldigheid en betroubaarheid van die data is nie, is daar nie geloofwaardigheid in die resultate en die gevolgtrekkings daaruit nie (Kerlinger 1986:404).

#### 2.2.2 Meting

Die meting van persepsies, voorkeure, motiverings en soortgelyke aspekte kan baie ingewikkeld raak. Tipiese probleemvrae wanneer die geldigheid en betroubaarheid van skaaltegnieke vasgestel moet word is:

- Meet die skale werklik dit wat gemeet moet word?
- Bly respondent se respons stabiel oor tyd?

- Indien daar 'n verskeidenheid van skaalprosedures is, is die respondent konsekwent in sy/haar toekenning van punte oor die skale wat veronderstel is om dieselfde eienskap te meet? (Green, Tull & Albaum 1988:249.)

Meting, in die ruimste betekenis, is die toekenning van 'n syfer aan 'n voorwerp of gebeurtenis volgens reëls. 'n Syfer is 'n simbool in die formaat: 1, 2, 3,..., of I, II, III,... Dit het geen kwantitatiewe betekenis nie, tensy 'n betekenis daaraan geheg word. 'n Reël is 'n gids, 'n metode of 'n bevel wat sê wat gedoen moet word. (Kerlinger 1986:391-393.)

Kervin (1992:258) stel dit eenvoudiger as hy sê dat:

*"Measures designate the operations we carry out to determine what category or amount of a variable a case possesses. We may use several different measures of the same variable, particularly when the right value isn't obvious."*

### **METING VAN MEERVOUDIGE ITEM SKALE**

Volgens Kerlinger (1986:396-397) word voorwerpe nie gemeet nie, maar konsepte of konstrukte word gemeet. 'n Konsep of 'n konstruk word ook 'n latente veranderlike genoem, waar die aanname gemaak is dat daar 'n grondslag is vir 'n verskeidenheid van optredes.

In die meeste van die Sosiale Wetenskappe en tot 'n groter mate in die laaste tyd in die Ekonomiese Wetenskappe, is baie van die navorsingsveranderlikes nie waarneembaar nie. Konsepte soos motivering en kwaliteit in die Ekonomiese Wetenskappe en intelligensie en vermoëns in die Sosiale Wetenskappe is algemene voorbeeld van hierdie nie-waarneembare (latente) veranderlikes. (Plummer 1994:1.)

Navorsers kombineer gereeld 'n aantal items, waarmee dieselfde konsep gemeet word, in een meting om die kwaliteit van hul meting te verbeter. Aangesien dit 'n

enkele veranderlike (latente veranderlike) voorstel, moet die items in 'n skaal baie nader verwant wees as ander items. Die twee belangrike voordele van meer-voudige itemmetings is groter betroubaarheid en groter metingsgeldigheid. (Kervin 1992:292.)

### **METINGSYDIGHEID EN ONBETROUBAARHEID**

'n Meting is sydig as daar 'n sistematiese verskil tussen die werklike en die waargenome waardes is, sodat die fout bykans in al die gevalle in een rigting is. 'n Meting het lae betroubaarheid as daar 'n betekenisvolle ewekansige verskil tussen die werklike en waargenome waardes is. 'n Meting is ook onbetroubaar as herhaalde metings van dieselfde eienskap vir dieselfde geval, verskillende resultate lewer. (Kervin 1992:268.)

### **VARIANSIE EN METINGSFOUTE**

Die aanname dat, groot variansie in 'n veranderlike noodwendig hoë vlakke van ewekansige geraas aandui as gevolg van 'n onbetroubare meting, moet nie sondermeer gemaak word nie. Groot variansie mag ook 'n gevolg wees van hoë variasie tussen waarnemings in die populasie en gevölglik ook in die steekproef. Soortgelyk kan gesê word dat lae variansie 'n aanduiding is van of 'n lae variasie tussen waarnemings, of van metingsydigheid. (Kervin 1992:268.)

### **GEVOLGE VAN METINGSFOUTE**

Metingsfoute veroorsaak vier tipes verdraaiings:

- Verdraaide beramings van steekproef- en populasie eienskappe.
- Foutiewe gevöltrekkings dat daar 'n verwantskap tussen veranderlikes bestaan, terwyl daar eintlik geen verwantskap is nie.
- Foutiewe gevöltrekkings dat daar nie 'n verwantskap in die steekproef bestaan nie, terwyl daar in werklikheid wel 'n verwantskap is.

- Foutiewe gevolgtrekking dat daar nie 'n verwantskap in die populasie bestaan nie, terwyl daar in werklikheid wel 'n verwantskap is. (Kervin 1992:268-269.)

### 2.2.3 Betroubaarheid

#### DEFINISIE

Betroubaarheid is die mate waarin 'n meting skoon is van ewekansige foute (Tull & Hawkins 1993:314). Kerlinger (1986:405) beweer dat betroubaarheid die akkuraatheid of presisie van 'n meetinstrument is. Kervin (1992:731) sluit hierby aan as hy sê dat betroubaarheid die afwesigheid is van substansiële ewekansige verskille tussen die waargenome en die werklike waarde van 'n veranderlike.

Op 'n ligter noot het Schwartz (1986:169) die volgende oor betroubaarheid te sê gehad:

*"All raters rated all students, with a 'reliability' of .57, which was deemed acceptable on the grounds that it would be a pain to do it over."*

Green, Tull & Albaum (1988:253-255) se Gedragswetenskaplike benadering is dat betroubaarheid die mate is waarin skaalresultate vry is van eksperimentele foutwaardes.

'n Onbetroubare skaal kan nie geldig wees nie. In die algemeen, kan die betrouwbaarheid van 'n skaal (of meetinstrument) gemeet word deur een van drie metodes: (1) Toets-hertoets, (2) Alternatiewe formaat en (3) Interne konsekwentheid. (Green, Tull & Albaum 1988:253.) Vir hierdie studie sal die interne konsekwentheid tegniek gebruik word, aangesien dit die betroubaarheid van 'n enkele toets geleentheid bepaal.

## **INTERNE KONSEKWENTHEID**

Daar is 'n aantal verskillende benaderings tot die berekening van interne konsekwente betroubaarheid. Met hierdie benaderings word die itemtelling, verkry uit die toepassing van die skaal, volgens sekere metodes gehalveer en die gevolglike half-tellings word gekorreleer. Groot korrelasies tussen die gesplete halwes dui op 'n hoë interne konsekwendheid. Die eenvoudigste benadering is om die skaalitems te verdeel in terme van ewe- en onewe genommerde items, of om 'n ewekansige verdeling te maak. Daar is egter een fundamentele probleem met die gebruik van gesplete halwes om interne konsekwendheid te meet naamlik dat verskillende resultate verkry word, afhangende van hoe die skaalitems gehalveer word. Dit lei tot die belangrike vraag: Watter een is die "werklike" betroubaarheidskoëffisiënt? (Dillon, Madden & Firtle 1987:292.)

Daar is twee gewilde benaderings wat gevolg kan word om die probleem te oorkom, te wete Cronbach se Alpha en Itemanalise.

### **A. CRONBACH SE ALPHA**

Cronbach se Alpha toon in wese die gemiddeld van alle moontlike gesplete halwe koëffisiënte aan, wat die gevolg is van verskillende verdelings van die meet-instrument (Tull & Hawkins 1993:316). Dit is 'n meting van skaalbetroubaarheid, wat elke iteminterverwantskap gelyktydig ondersoek (Kervin 1992:724).

Die idee is om die gemiddelde kovariansie tussen die pare items in die skaal te bereken. Hoe hoër die gemiddeld, hoe meer items korreleer met mekaar en hoe groter is die interne konsekwendheid en betroubaarheid. Sommige statistiese rekenaarpakkette bereken vir elke item, die waarde van alpha as daardie item uit die skaal uitgelaat sou word. Hierdie inligting is baie nuttig veral in gevalle waar 'n skaal uit 'n groot aantal items saamgestel word. (Kervin 1992:509.)

Wiskundig word alpha voorgestel deur

$$\alpha = \left( \frac{k}{k-1} \right) \left( 1 - \frac{\sum_{i=1}^k \sigma_i^2}{\sigma_T^2} \right) \quad \dots \dots \dots \quad (1)$$

waar  $k$  = die aantal items in die metingskaal

$\sigma_i^2$  = variansie van die  $i^{\text{de}}$  item

$\sigma_T^2$  = variansie van die totale metingskaal.

As in ag geneem word dat die totale variansie gelyk is aan die som van die individuele skaalitem variansies plus, twee keer die som van die skaalitem kovariansies, kan vergelyking (1) soos volg geskryf word

$$\alpha = \left( \frac{k}{k-1} \right) \left( 1 - \frac{\sum_{i=1}^k \sigma_i^2}{\sum_{i=1}^k \sigma_i^2 + 2 \sum_{i>j} \sigma_{ij}} \right) \quad \dots \dots \dots \quad (2)$$

waar  $\sigma_{ij}$ ,  $i > j$ , die  $k(k-1)/2$  kovariansies voorstel.

Vergelyking (2) is wiskundig beter omdat  $\sigma_T^2$  nie bereken hoef te word nie en 'n unieke eienskap van koëffisiënt alpha kan gesien word. As 'n gegewe skaalitem met  $m$  items vergroot word, sal  $(k+m)/[(k+m)-1] < (k/k-1)$  wees en dié komponent van die formule sal verminder. Daar is egter  $m$  bykomende variansies en  $m(m-1)$  bykomende kovariansie terme. Die aantal bykomende variansie terme neem rekenkundig toe, terwyl die aantal bykomende kovariansie terme meetkundig toeneem. Aangesien die eerste komponent in die teller voorkom en die laaste komponent in die noemer, sal die kwosiënt in vergelyking (2) toeneem. (Dillon, Madden & Firtle 1987:292-293.)

Die waarde van alpha wissel tussen nul en een (hoewel dit ook negatief kan wees as die korrelasies tussen die items nie almal positief is nie). 'n Waarde van .85 of beter, word gewoonlik beskou as genoegsaam betroubaar. Waardes kleiner as .70 beteken dat die meting verdag is. (Kervin 1992:509.) Volgens Tull & Hawkins (1993:316) word 'n waarde van .60 en kleiner as onbevredigend beskou.

In die algemeen: hoe groter die interitem korrelasies is of hoe meer items in die meting is, hoe groter sal die waarde van alpha wees.

## B. ITEMANALISE

Volgens Kervin (1992:728) is itemanalise 'n statistiese analyse wat bepaal watter items uit 'n meervoudige itemskaal gelaat moet word om die betrouwbaarheid van die skaal te verbeter.

Betrouwbaarheid word benaderd gedefinieer deur foutwaarde: hoe groter die foutwaarde, hoe groter is die onbetrouwbaarheid en hoe kleiner die foutwaarde, hoe groter is die betrouwbaarheid. Prakties gesproke betekent dit dat as die foutvariansie van 'n meting beraam kan word, kan die meting se betrouwbaarheid ook beraam word. Hieruit volg twee ekwivalente definisies van betrouwbaarheid:

- Betrouwbaarheid is die verhouding van die "werklike" variansie tot die totale waargenome variansie van die data soos uit die meetinstrument verkry.
- Betrouwbaarheid is die verhouding van die foutvariansie tot die totale variansie, soos uit die meetinstrument verkry, afgetrek van 1.00.

In die formaat van 'n vergelyking kan betrouwbaarheid soos volg geskryf word:

$$r_u = 1 - \frac{V_e}{V_t} \dots \dots \dots \quad (3).$$

(Kerlinger 1986:408-409.)

Die formaat wat egter algemeen gebruik word is:

$$r_u = \frac{V_t - V_e}{V_t} \dots \dots \dots \quad (4)$$

waar  $r_u$  = die koëffisiënt van betroubaarheid,

$V_e$  = die foutvariansie en

$V_t$  = die totale variansie. (Green, Tull & Albaum 1988:255.)

Die waarde van  $r_{tt}$  wissel tussen nul en een. 'n Waarde van  $> 0.25$  duï daarop dat die item as deel van die konstruk behou kan word. 'n Waarde van  $< 0.25$  duï daarop dat die item verwijder moet word. (Cooper & Emory 1995:180.)

Mels (1994) gebruik Cronbach se Alpha om die betroubaarheid van 'n meetinstrument te ondersoek. Dié werkswyse sal ook vir doeleindes van hierdie studie gevolg word.

### **DIE WAARDE VAN BETROUABAARHEID**

'n Toets moet betroubaar wees om geïnterpreteer te kan word. Die navorsing kan die verwantskap tussen veranderlikes met vertroue bepaal, slegs as hy op die resultate van die meting van die veranderlikes kan vertrou.

Betroubaarheid is nog steeds baie belangrik, alhoewel dit nie die belangrikste komponent van meting is nie. Dit is in 'n mate soos die geldprobleem: die tekort daaraan is 'n probleem. Hoë betroubaarheid is nie 'n waarborg vir goeie wetenskaplike resultate nie, maar goeie wetenskaplike resultate kan nie verkry word sonder betroubaarheid nie. In kort: betroubaarheid is 'n noodsaaklike, maar nie 'n voldoende voorwaarde vir die waarde van navorsingsresultate en -interpretasies nie. (Kerlinger 1986:415.)

## 2.2.4 Geldigheid

Wanneer gedrag waargeneem word, is dit natuurlik om te aanvaar dat dit wat aanvanklik gemeet wou word, wel gemeet word. In die geval waar die las van interpreteerbaarheid op die waarnemer geplaas word, kan geldigheid (en betroubaarheid) daaronder ly. Hoe groter die las van interpreteerbaarheid, hoe groter die geldighedsprobleem. (Dit beteken egter nie dat geen las van betroubaarheid op die waarnemer geplaas moet word nie.) (Kerlinger 1986:488.)

### **DEFINISIE**

Geldigheid beteken dat die data onsydig moet wees en toepaslik ten opsigte van die eienskap wat gemeet word. Die geldigheid van 'n meetinstrument kan derhalwe beskou word in terme van hoe skoon die instrument van sistematiese foute is -- dit is, die vermoë om die "werklike" verskille tussen individue te weerspieël. Sistematiese foute kom voor as gevolg van die instrument self, die gebruiker van die instrument, die proefpersoon, of die omgewing waaring die meetinstrument toegepas is.

Die geldigheid van 'n meetinstrument hang af van die beskikbaarheid van sekere eksterne kriteria waarvan die korrektheid aanvaar word. Ongelukkig is sulke "buite" kriteria nie geredelik beskikbaar nie. Wat die probleem egter vererger is dat die navorsers gewoonlik nie geïnteresseerd is in die skaal self nie, maar in die onderliggende teoretiese konstruk wat die skaal veronderstel is om te meet. (Green, Tull & Albaum 1988:249-250.)

Volgens Kervin (1992:262) is daar twee basiese metodes waarvolgens die geldigheid van 'n meting bepaal kan word, naamlik: (1) teoretiese geldigheid en (2) empiriese geldigheid.

### A. TEORETIESE GELDIGHEID

Hierdie metode is 'n subjektiewe benadering en word beraam deur meningsgeldigheid en inhoudsgeldigheid te ondersoek.

Meningsgeldigheid is gebaseer op die vraag of die meting die veronderstelde konsep of veranderlike weerspieël. Die ondersoek behoort te bevestig dat die definisie en gebruik van elke veranderlike konsekwent is.

Inhoudsgeldigheid is ook 'n subjektiewe benadering, maar meer sistematies. Dit word meestal gebruik om meervoudige item metings te ondersoek. Die einddoel is dat die meting 'n verteenwoordigende steekproef van die baie betekenis wat geassosieer word met die konsep, bevat. (Kervin 1992:262.)

Green, Tull & Albaum (1988:250) beweer dat inhoudsgeldigheid gemoeid is met hoe verteenwoordigend die steekproef van items (skaal) is van die eienskap of kenmerk wat gemeet word. Die Gedragswetenskaplike poog gewoonlik om inhoudsgeldigheid te meet deur middel van 'n persoonlike opinie van 'n kenner op die spesifieke gebied.

Navorsers ondersoek gewoonlik teoretiese geldigheid terwyl die meetinstrument nog ontwikkel word en toets empiriese geldigheid nadat die data ingesamel is. (Kervin 1992:262.) Vir doeleindes van hierdie studie is die teoretiese geldigheid gevvolglik reeds afgehandel en sal daar verder op empiriese geldigheid gekonsentreer word.

### B. EMPIRIESE GELDIGHEID

Die navorsers kan enige (of elkeen) van drie tipes gebruik om geldigheid te toets, naamlik: (1) toetsgeldigheid, (2) konstruktgeldigheid en (3) diskriminantgeldigheid.

### **TOETSGELDIGHEID**

Toetsgeldigheid behels die ontwikkeling of verkryging van 'n eksterne toets waarteen die skaalresultate gemeet kan word (Green, Tull & Albaum 1988:251). Hierdie geldigheidsmetode sal nie in hierdie studie gebruik word nie, aangesien 'n eksterne toets nie gebruik gaan word nie. Die kwessie van konstrukgeldigheid en diskriminantgeldigheid sal nou in detail bespreek word.

### **KONSTRUKGELDIGHEID**

Daar is verskeie sienings of denkrigtings oor geldigheid, maar sekere outeurs huldig dieselfde siening oor die verwantskap tussen konstrukgeldigheid en diskriminantgeldigheid. Green, Tull & Albaum (1988:250-252) sien diskriminantgeldigheid as 'n onderafdeling van konstrukgeldigheid. Dillon, Madden & Firtle (1987:294-296) ondersteun die idee as hul sê dat die term konstrukgeldigheid dikwels onreëlmataig gebruik word en verskillende betekenis vir verskillende navorsers het. Die woord konstrukgeldigheid word algemeen gebruik en dien as 'n oorhoofse term waaronder die ander tipes geldigheid ressorteer.

Die konstrukgeldigheid van 'n meetinstrument verwys na die vermoë van elke meting om 'n spesifieke latente veranderlike (konstruk) van belang, te meet (Mels 1994). In die geval van konstrukgeldigheid stel die navorsers nie net belang in die vraag "Werk dit?" nie, maar ook in die ontwikkeling van kriteria wat voorsiening maak vir die beantwoording van teoretiese vrae oor waarom dit werk en watter afleidings oor die teorie agter die instrument gemaak kan word (Green, Tull & Albaum 1988:251).

Bevestigende faktoranalise word gebruik om konstrukgeldigheid statisties te meet (Mels 1994). Laasgenoemde word verder bespreek in afdeling 2.4 en 2.5 van hierdie hoofstuk.

## **DISKRIMINANTGELDIGHEID**

Diskriminantgeldigheid verwys na eienskappe van skaalprosedures wat wel verskil wanneer dit veronderstel is om te verskil. Diskriminantgeldigheid meet die mate waarin 'n meting uniek is en is dus 'n weerspieëling van ander veranderlikes. (Green, Tull & Albaum 1988:252.)

Dillon, Madden & Firtle (1987:295) beweer dat metingskale te hoog gekorreleerd kan wees. As twee vermoedelik onderskeie metingskale baie hoog korreleer, mag dit dalk dieselfde eienskap of konstruk meet, eerder as twee verskillende eienskappe of konstrukte.

Mels (1994) stel dit duidelik as hy sê dat die diskriminantgeldigheid van 'n stel meetinstrumente verwys na hul vermoë om te onderskei tussen die verskillende latente veranderlikes (konstrukte) wat dit veronderstel is om te meet.

Verkennende faktoranalise word gebruik om te bepaal of daar een onderliggende konstruk is (Kervin 1992:506). Laasgenoemde word verder in afdeling 2.3 en 2.5 van die huidige hoofstuk bespreek.

## **2.3 FAKTORANALISE**

### **2.3.1 Definisie en Agtergrond**

Die doel van faktoranalise is om te begin met 'n groot aantal veranderlikes en om dit dan te verminder na 'n kleiner aantal onderliggende dimensies of faktore (Robertson, Zielinski & Ward 1984:285). Cooper & Emory (1995:520) gaan verder as hul sê dat faktoranalise soek vir patronen tussen veranderlikes om uit te vind of daar 'n onderliggende kombinasie van oorspronklike veranderlikes is waarmee die oorspronklike datastel opgesom kan word. Hierdie tipe faktoranalise staan bekend as Verkennende faktoranalise (Green, Tull & Albaum 1988:554).

'n Faktor is 'n konstruk, 'n hipotetiese entiteit of 'n latente veranderlike wat veronderstel is om onderliggend aan items of meetinstrumente van enige aard te wees (Kerlinger 1986:569).

Faktoranalise is 'n algemene beskrywing vir 'n aantal spesifieke berekenings-tegnieke, waarvan almal se doel die vermindering van baie veranderlikes is, na 'n meer hanteerbare aantal wat saam hoort en wat oorvleuelende meeteienskappe besit (Cooper & Emory 1995:520). Cooley & Lohnes (1978:342) stel dit meer statisties deur te sê dat faktoranalises 'n versamelnaam geword het vir 'n aantal procedures wat ontwerp is met die doel om die interkorrelasie tussen 'n versameling veranderlikes te bepaal.

Die konsep van faktoranalise behels die volgende (Kervin 1992:507):

- 'n Vermindering van 'n groot aantal veranderlikes tot 'n minimum aantal faktore, wat in die begin stadium minder sigbaar is.
- Vanuit 'n korrelasiematriks, skep faktoranalise 'n lineêre kombinasie van veranderlikes ('n faktor) wat die gesamentlike variansie die beste verklaar. Die eerste faktor word gevvolg deur ander ortogonale lineêre kombinasies, waarin elke opvolgende faktor die oorblywende variansie verklaar.
- Faktore word geroteer ten einde hul korrelasie met sekere veranderlikes te maksimeer en met ander te minimeer, sodat die faktore makliker onderskei kan word (Kervin 1992:507).

Die hoofprobleem van faktoranalise is om die varansiekomponente van die totale algemene faktorvariansie te bepaal (Kerlinger 1986:574).

In die geval waar 'n latente veranderlike slegs op een faktor laai, word dit faktoriaal suiwer genoem. In die geval waar 'n latente veranderlike op meer as een faktor laai, word dit faktoriaal kompleks genoem. (Kerlinger 1986:571.)

In die proses van faktoranalise word vir die volgende getoets (Kervin 1992:507):

- Uitskieters wat korrelasiekoëffisiënte mag verdraai.
- Of korrelasies hoog genoeg is om faktoranalise suksesvol te gebruik.
- Of veranderlikes benaderd normaal verdeel is.

Kervin (1992:726) onderskei drie faktoranalise uitvoere, te wete ladings, eiewaardes en gemeenskaplikhede.

- **LADINGS**

Ladings is die korrelasies tussen elke veranderlike en elkeen van die faktore. Ladings en korrelasies verskil egter tot 'n mate as skuins-as rotasiemetodes gebruik word. Tull & Hawkins (1993:695) verduidelik dat 'n faktor geïdentifiseer word deur daardie items wat 'n relatiewe hoë faktorlading op die spesifieke faktor toon en 'n relatiewe lae lading op die ander faktore. 'n Faktorlading dui op die aard van die verwantskap tussen elke veranderlike en elke faktor (Tull & Hawkins 1993:422). Faktorladings kan tussen -1.00 en +1.00 wees. Ladings wat groter as 0.3 is, word as betekenisvol beskou, terwyl veranderlikes wat op geen faktor hoër as 0.3 laai nie, uitgelaat word in verdere analises. (Kerlinger 1986:572.)

- **EIEWAARDES**

Dit is die beramings van die relatiewe bydrae tot die totale variansie wat deur elke faktor verklaar word. Dit is 'n nuttige instrument om te bepaal hoeveel faktore ingesluit moet word. Een lukraak metode is om alle faktore met 'n eiewaarde groter as een, in te sluit. (Kervin 1992:726.) 'n Meting van die variansie in die oorspronklike data, wat deur 'n faktor verklaar word, word verskaf. Dit word gewoonlik geïnterpreteer (met versigtigheid) as 'n aanduiding van die belangrikheid van die faktor. (Tull & Hawkins 1993:422.)

- **GEMEENSKAPLIKHEDE**

Dit is die beramings van die verhouding van variansie van die faktore relatief tot die totale variansie in elke veranderlike wat deur die faktore verklaar word. Dit is 'n nuttige instrument om te gebruik wanneer besluit moet word watter veranderlikes, indien enige, weggelaat moet word uit die ontleding. (Kervin 1992:726.) Kerlinger (1986:572) beweer dat gemeenskaplikhede ( $h^2$ ), die som van die kwadrate van die faktorladings van 'n toets of veranderlike is (verwys paragraaf 2.3.3).

Een van die laaste resultate van faktoreanalise word die faktormatriks genoem, 'n tabel met koëffisiënte wat die verwantskappe tussen die konstrukte en die onderliggende faktore aandui. 'n Korrelasiematriks is altyd vierkantig en simmetries. Dit is omdat die onderste helfte van die matriks onder die diagonaal (vanaf links bo tot regs onder) identies is aan die boonste helfte van die matriks. (Kerlinger 1986:570-571).

### 2.3.2 Beperkinge

Faktoreanalise kan nie in alle omstandighede toegepas word nie aangesien dit sekere beperkinge inhoud. Die belangrikste beperkinge is (Kervin 1992:507-508):

- In die geval van klein steekproewe, sal faktoreanalise nie bevredigend gebruik kan word nie.
- Daar bestaan nie 'n eenvoudige toets vir betekenisvolheid van faktore nie.
- Ontbrekende waardes kan problematies wees by klein en gemiddelde grootte steekproewe, aangesien die aantal gevallen nie summier verminder kan word nie. Hierdie situasie van ontbrekende waardes kan oorkom word deur paarsgewyse skrapping uit te voer, of deur waardes te beraam vir gevallen wat andersins uitgelaat sou word.
- Die algemene aanname dat faktore onafhanklik verdeel is, het tot gevolg dat ortogonale rotasie toegepas word. Wanneer besigheidsnavorsing gedoen

word, geld die aanname nie meer nie en moet nie-ortogonale (skuins-as) rotasie toegepas word.

- Nel, Rädel & Loubser (1988:388) stel dit duidelik dat ordinale skale ten minste benodig word, maar dat interval skale die ideaal is.

### 2.3.3 Teoretiese Formulering

Die teoretiese formulering van faktorenanalyse sal onder die volgende drie hoofpunte bespreek word: die faktormodel, beramingsmetodes en faktorrotasie.

#### A. DIE FAKTORMODEL

Die formulering van die model word duidelik en verstaanbaar deur Johnson & Wichern (1982:402-407) uiteengesit. Die faktormodel veronderstel dat die waargenome datamatriks  $X$  (gemiddeld  $\mu$  en kovariansiematriks  $\Sigma$ ), lineêr afhanklik is van 'n aantal onderliggende ewekansige veranderlikes  $F_1, F_2, \dots, F_m$  (algemene faktore genoem); en  $p$  addisionele bronne van variasie  $\varepsilon_1, \varepsilon_2, \dots, \varepsilon_p$  (foutterme genoem).

Die faktormodel word soos volg geformuleer:

$$X_1 - \mu_1 = l_{11}F_1 + l_{12}F_2 + \dots + l_{1m}F_m + \varepsilon_1$$

$$X_2 - \mu_2 = l_{21}F_1 + l_{22}F_2 + \dots + l_{2m}F_m + \varepsilon_2$$

.. ...

$$X_p - \mu_p = l_{p1}F_1 + l_{p2}F_2 + \dots + l_{pm}F_m + \varepsilon_p$$

Die model kan ook soos volg in matriksnotasie voorgestel word:

$$X - \mu = L F + \varepsilon$$

$(px1) \quad (pxm) \quad (mx1) \quad (px1)$

- $l_{ij}$  is die lading van die  $i^{de}$  veranderlike op die  $j^{de}$  faktor.
- $L$  is die matriks van faktorladings.

Met inagneming van sekere aannames oor die ewekansige vektore  $F$  en  $\varepsilon$ , sal die model sekere kovariansie verwantskappe veronderstel. Die aannames is soos volg:

- $E(F) = 0$   
 $(mx1)$
- $Cov(F) = E(FF') = I$   
 $(mxm)$
- $E(\varepsilon) = 0$   
 $(px1)$
- $Cov(\varepsilon) = E(\varepsilon\varepsilon') = \Psi$   
 $(pxp)$
- $F$  en  $\varepsilon$  is onafhanklik en gevolglik is

$$Cov(\varepsilon, F) = E(\varepsilon F') = 0$$

$(pxm)$

Die kovariansiestruktuur vir die ortogonale faktormodel sien soos volg daaruit:

- $Cov(X) = LL' + \Psi$
- $Cov(X, F) = L$

Hierdie struktuur geld slegs as die aanname gemaak word dat  $X - \mu = LF + \varepsilon$  lineêr in die algemene faktore is.

Die verhouding van die variansie van die  $i^{de}$  veranderlike wat deur die  $m$  algemene faktore bygedra word, word die  $i^{de}$  gemeenskaplikheid genoem. Die verhouding van  $Var(X_i) = \sigma_{ii}$  veroorsaak deur die spesifieke faktor, word die spesifieke variansie of die uniekheid genoem.

Indien die  $i^{de}$  gemeenskaplikheid voorgestel word deur  $h_i^2$ , dan is:

$$\underbrace{\sigma_{ii}}_{Var(X_i)} = \underbrace{l_{i1}^2 + l_{i2}^2 + \dots + l_{im}^2}_{\text{gemeenskaplikheid}} + \underbrace{\psi_i}_{\text{spesifieke variansie}}$$

gevolglik is  $\sigma_{ii} = h_i^2 + \psi_i$  vir  $i = 1, 2, \dots, p$ .

Die analyse van die faktormodel ontwikkel verder, deurdat  $L$  en  $\Psi$  uniek beraam word. Die ladingsmatriks word geroteer deur dit te vermenigvuldig met 'n ortogonale matriks. Wanneer die ladings en spesifieke variansies verkry is, word die faktore geïdentifiseer.

## B. BERAMINGSMETODES

Die steekproef kovariansiematriks  $S$  is 'n beramer van die onbekende populasie kovariansiematriks  $\Sigma$ . Indien dit blyk of  $\Sigma$  aansienlik afwyk van 'n diagonaal-matriks, kan die faktormodel toegepas word en dan word die primêre probleem die beraming van die faktorladings en spesifieke variansies  $\psi_i$ . (Johnson & Wichern 1982:407.)

Metodes wat gebruik word om aanvanklike faktore te onttrek is (1) ongeweegde kleinste kwadrate beraming, (2) maksimum aanneemlikheidsberaming en (3) hoof-komponentberaming (Kervin 1992:507).

### **ONGEWEEGDE KLEINSTE KWADRATE BERAMING**

Dillon, Madden & Firtle (1987:533) beweer dat die ongeweegde kleinste kwadrate beramingsmetode gebaseer is op 'n monotone transformasie van die data en word toegepas op ordinale data. Nel, Rädel & Loubser (1988:355) beweer dat ordinale data wel 'n aanduiding gee van 'groter as' of 'kleiner as', maar geen inligting gee oor die afstand nie. Intervaldata is ordinaal, maar die afstand tussen die datapunte (intervalle) kan bepaal word en gevvolglik ook vergelyk word. Intervaldata is gevvolglik meer geskik as ordinale data. Aangesien intervaldata in die studie gebruik is, sal die beramingsmetode nie verder oorweeg word nie.

### **MAKSIMUM AANNEEMLIKHEIDSMETODE VAN BERAMING**

Die maksimum aanneemlikheidsmetode van beraming het die beperking dat die algemene faktore  $F$  en die spesifieke faktore  $\varepsilon$  normaal verdeel moet wees, voordat die faktorladings en spesifieke variansies verkry kan word (Johnson & Wichern 1982:415). Hierdie beperking veroorsaak gevvolglik dat die maksimum aanneemlikheidsmetode nie so gereeld gebruik word nie. Vervolgens 'n bespreking van die metode.

Johnson & Wichern (1982:415-417) gee 'n eenvoudige verduideliking van die onderliggende teorie van die metode.

Indien  $F_j$  en  $\varepsilon_j$  gesamentlik normaal is, is die waarnemings

$X_j - \mu = LF_j + \varepsilon_j$  normaal en die aanneemlikheid is

$$L(\mu, \Sigma) = (2\pi)^{-np/2} |\Sigma|^{-n/2} e^{-0.5 \operatorname{tr} \left\{ \Sigma^{-1} \left( \sum_{j=1}^n (x_j - \bar{x})(x_j - \bar{x})' + n(\bar{x} - \mu)(\bar{x} - \mu)' \right) \right\}} \quad (6)$$

wat afhanglik is van  $L$  en  $\psi$  deur  $\Sigma = LL' + \psi$

Dit is verkiekslik om  $L$  verder te definieer deur die oplegging van 'n wiskundig gerieflike uniekheidsvoorwaarde:  $L' \psi^{-1} L = \Delta$   
 $\Delta$   
diagonaalmatrys

Veronderstel dat  $X_1, X_2, \dots, X_n$  'n ewekansige steekproef vanuit  $N_p(\mu, \Sigma)$  is, waar  $\Sigma = LL' + \psi$  die kovariansiematriks vir die  $m$  algemene faktormodel is.

Daar kan bewys word dat die maksimum aanneemlikheidsberamers  $\hat{L}$ ,  $\hat{\psi}$  en  $\hat{\mu} = \bar{x}$ , vergelyking (6) maksimeer indien  $\hat{L}' \hat{\psi}^{-1} \hat{L}$  diagonaal is.

Die maksimum aanneemlikheidsberamings vir die gemeenskaplikhede is:

$$h_i^2 = l_{i1}^2 + l_{i2}^2 + \dots + l_{im}^2 \quad \text{vir } i = 1, 2, \dots, p \quad \text{sodat}$$

$$\left( \begin{array}{l} \text{Verhouding van totale steekproef-} \\ \text{variansie as gevolg van } j^{de} \text{ faktor} \end{array} \right) = \frac{l_{1j}^2 + l_{2j}^2 + \dots + l_{pj}^2}{S_{11} + S_{22} + \dots + S_{pp}} .$$

## **HOOFKOMPONENTMETODE VAN BERAMING**

Die metode wat die meeste gebruik word deur gesaghebbendes<sup>2</sup>, is die hoofkomponentberamingsmetode. Vervolgens 'n bespreking van die hoofkomponentberamingsmetode, wat dan ook toepaslik is vir die studie.

Gestel  $\Sigma$  het eiewaarde-eievektor pare  $(\lambda_i, e_i)$  met  $\lambda_1 \geq \lambda_2 \geq \dots \geq \lambda_p \geq 0$ , dan is

$$\Sigma = \lambda_1 e_1 e_1' + \lambda_2 e_2 e_2' + \dots + \lambda_p e_p e_p'$$

Hierdie model geld egter in die geval waar die aantal faktore gelyk is aan die aantal veranderlikes ( $m = p$ ) en die spesifieke variansies  $\psi_i = 0$  vir alle  $i$ :

$$\Sigma = L \quad L' + 0 = LL'$$

$$(pxp) \quad (pxp) \quad (pxp) \quad (pxp)$$

Die doel van faktoranalise is egter om die kovariansiestructuur te verduidelik in terme van slegs 'n paar algemene faktore. Indien daar van 'n gelyke aantal faktore en veranderlikes gebruik gemaak word, is die tegniek nie baie nuttig nie. Daar word ook nie voorsiening vir enige variasie in die spesifieke faktore  $\varepsilon$  gemaak nie.

Indien die laaste  $p - m$  eiewaardes neig na nul, is een benadering om die bydrae

van  $\lambda_{m+1} e_{m+1} e_{m+1}' + \dots + \lambda_p e_p e_p'$  tot  $\Sigma$ , weg te laat, sodat

$$\Sigma = L \quad L'$$

$$(pxm) \quad (mxp)$$

<sup>2</sup>

Kerlinger (1986:576)

Green, Tull & Hawkins (1988:565-567)

Dillon, Madden & Firtle (1987:537-539)

Cooper & Emory (1995:538)

Nel, Rädel & Loubser (1988:388-389)

Kervin (1992:507)

Johnson & Wichern (1982:408)

Green (1978:342-343)

Indien voorsiening gemaak word vir die spesifieke faktore, is die benadering soos volg:

$$\Sigma = LL' + \Psi$$

waar  $\Psi_i = \sigma_{ii} - \sum_{j=1}^m l_{ij}^2$  vir  $i = 1, 2, \dots, p$

Ten einde hierdie benadering te volg, moet alle datastelle eers gesentreer en gestandaardiseer word. Gesentreerde data verskaf dieselfde steekproef kovariansiematriks  $S$  as die oorspronklike data. Gestandaardiseerde data lewer gelykmatige veranderlikes.

Volgens Johnson & Wichern (1982:410-411) kan die waarde van  $m$  (aantal faktore) op 'n aantal maniere bepaal word:

- Die navorsers besluit vooraf op 'n lukraak metode wat die waarde van  $m$  moet wees.
- Die residumatriks:  $S - (\hat{L}\hat{L}' + \hat{\Psi})$  (kappies dui op beramings) word gebruik, deurdat die som van die gekwadreerde inskrywings van  $\{S - (\hat{L}\hat{L}' + \hat{\Psi})\} \leq \hat{\lambda}_{m+1}^2 + \dots + \hat{\lambda}_p^2$  moet wees.
- Stel  $m$  gelyk aan die aantal positiewe eiewaardes van  $S$  indien die steekproef kovariansiematriks gefaktoriseer is. (Johnson & Wichern 1982:415-417.)

### 2.3.4 Faktorrotasie

In baie gevalle is ongeroteerde faktorladings redelik niksseggend (Cooper & Emory 1995:539). Om beter interpreteerbare resultate te verkry, kan verskillende metodes van as-rotasies toegepas word (Nel 1988:390). Die ideaal is om 'n patroon te vind

waarvan die eerste faktor swaar gelaai is met sekere veranderlikes en die ander faktore swaar gelaai is met die res van die veranderlikes. So 'n voorwaarde beteken dat daar 'n redelike "suiwer" konstruk onderliggend aan elke faktor moet wees. Daar is twee metodes van rotasie, naamlik ortogonale rotasie en skuins-as rotasie. (Cooper & Emory 1995:539.)

Vanuit die matriksalgebra is dit bekend dat 'n ortogonale transformasie ooreenstem met 'n onveranderlike rotasie van die koördinaatasse (Johnson & Wichern 1982:423). Met ortogonale rotasie is die nuwe faktore, gevvolglik net soos die ou faktore, ongekorreleerd. Skuins-as (indirekte) rotasie veroorsaak dat die nuwe faktore gekorreleerd is (Manly 1986:75).

Ortogonale- en skuins-as rotasies word so uitgevoer dat 'n eenvoudige struktuur verkry kan word. Die eienskappe van 'n eenvoudige struktuur is soos volg:

- Enige kolom van die faktorladingmatriks moet meestal klein waardes besit, so na as moontlik aan nul.
- Enige gegewe ry van die faktorladingmatriks moet nie-nul waardes in slegs 'n paar kolomme besit.
- Enige twee kolomme van die faktorladingmatriks moet verskillende patronen van hoë en lae ladings aantoon.

#### A. ORTOGONALE ROTASIES

Die voordele van 'n ortogonale rotasie is soos volg (Kleinbaum, Kupper & Muller 1988:620):

- 'n Komplekse stel interverwantskappe tussen verskeie gekorreleerde veranderlikes kan in terme van 'n paar ongekorreleerde konstrukte voorgestel word.

- Die persentasie van totale variansie wat deur die ongeroteerde faktore verteenwoordig word, word nie beïnvloed deur die rotering van die asse nie.

“Varimax”, “quartimax” en “equimax” is drie algoritmes vir ortogonale rotasie wat in die meeste faktoranalise rekenaarprogramme beskikbaar is. Die belangrikste verskille tussen die metodes is soos volg (Kleinbaum, Kupper & Muller 1988:620):

- “Varimax” bereken ‘n eenvoudige struktuur ten opsigte van die kolomme van die faktorladingmatriks,
- “Quartimax” bereken ‘n eenvoudige struktuur ten opsigte van die rye van die faktorladingmatriks en
- “Equimax” bereken ‘n eenvoudige struktuur ten opsigte van beide die kolomme en rye van die faktorladingmatriks.

Gesaghebbendes<sup>3</sup> op die gebied van faktoranalise gebruik hoofsaaklik Kaiser se “Varimax”-rotasie as ‘n ortogonale rotasiemetode. Elke geroteerde “Varimax”-waarde word verkry deur:  $\sum_{j=1}^m$  (variansie van die kwadrate van die ladings vir die  $j^{\text{de}}$  faktor) (Johnson & Wichern 1982:426). Die tegniek poog om of groot of nul waardes in die kolomme van die faktorladingmatriks te genereer. Gevolglik word faktore geskep wat ‘n sterk assosiasie met die veranderlikes het, of faktore met geen assosiasie nie. (Srivastava & Carter 1983:304.)

Ortogonale rotasiemetodes lewer egter nie gewoonlik die beste stel geroteerde faktore nie. Die stelling word duidelik geïllustreer in figuur 2.1 (aangepas uit Kleinbaum, Kupper & Muller 1988:620).

<sup>3</sup>

Kleinbaum, Kupper & Muller (1988:620)  
Dillon, Madden & Firtle (1987:542)  
Karson (1982:242)  
Johnson & Wichern (1982:426)


Green, Tull & Hawkins (1988:570)  
Tull & Hawkins (1993:697)  
Green (1978:377-379)

In figuur 2.1(a) is ortogonale rotasie toegepas. Hierdie rotasie word volgens vaste reëls (die geroteerde asse is loodreg) gedoen en die posisies van die veranderlikes word nie inag geneem nie. Die volgende probleme kom na vore:


- lyn  $I$  val op 'n veranderlike en maak die indeling onder 'n faktor baie moeilik.
- veranderlikes is nie baie eweredig onder die faktore versprei nie.

In figuur 2.1(b) word skuins-as rotasie aangetoon. Veranderlikes wat die naaste aan mekaar lê, word saamgegroep en die geroteerde asse is nie noodwendig loodreg op mekaar nie. Die verspreiding van die veranderlikes is ook meer eweredig.

**FIGUUR 2.1: Ortogonale- en Skuins-as rotasie**



(a) Ortogonale rotasie



(b) Skuin-as rotasie

Indirekte (skuins-as) rotasie is gewoonlik die beter metode om te volg, aangesien die aannname van onafhanklikheid van faktore baie moeilik gemaak kan word (Kervin 1992:507).

## B. SKUINS-AS (INDIREKTE) ROTASIES

Skuins-as of indirekte rotasies is baie kompleks en ingewikkeld om te verstaan en te bereken (Jennrich & Sampson 1966:313).

Daar bestaan twee tipes voorstellings van die faktorladings (koördinate van die veranderlikes ten opsigte van die geroteerde asse), afhangende van hoe elke punt op die geroteerde as geprojekteer word (Kleinbaum, Kupper & Muller 1988:621):

- Patroonladings: elke punt word op elke geroteerde as geprojekteer deur lyne wat parallel aan die twee asse is. Die faktorladings word dan gedefinieer as die twee geprojekteerde koördinate.
- Struktuurladings: elke punt word op elke geroteerde as geprojekteer deur lyne wat loodreg aan die twee asse is.

Daar is verskeie gewilde skuins-as rotasietegnieke, naamlik: “oblimax”, “quartimin”, “covarimin”, “biquartimin” en Kaiser-Dickman, om maar ‘n paar te noem (Jennrich & Sampson 1966:313).

Mels (1994) se benadering ten opsigte van faktorrotasie is “Direct Quartimin”, wat ‘n skuins-as tegniek is. Hierdie benadering sal ook in die huidige studie gevolg word. Jennrich & Sampson (1966:313) beweer dat nie ortogonale of skuins-as rotasie vir die “Direct Quartimin” tegniek gebruik word nie, maar ‘n rotasie word gemaak vir ‘n eenvoudige beslissing faktorstruktuur. Beslissingsfaktore word gedefinieer as die stel veranderlikes met eenheidvariansie wat in die gemeenskaplike faktorruimte lê.

Jennrich & Sampson (1966:313-314) bewys in hul navorsing dat die ingewikkelde en indirekte metode om eenvoudige ladings te verkry, onnodig is. Deurdat die redelik eenvoudige “quartimin” kriteria direk op die ladings toegepas word, word baie bevredigende resultate verkry, terwyl die probleem van rotasie met die doel om enkelvoudigheid te verkry, uit die weg geruim word. Hierdie tegniek word

toegepas, terwyl daar steeds aan die vereistes van 'n eenvoudige struktuur voldoen word.

### **2.3.5 Die waarde van faktoranalise**

Volgens Manly (1986:84) word faktoranalise redelik algemeen gebruik en is die tegniek baie nuttig wanneer 'n insig oor die struktuur van meerveranderlike data benodig word. As faktoranalise gevoleglik as 'n beskrywende instrument beskou word, kan dit sy plek as een van die belangrikste meerveranderlike tegnieke inneem.

## **2.4 BAANSTRUKTUURONTLEDING**

### **2.4.1 Definisie en Agtergrond**

Gedurende die afgelope paar jaar het marknavorsers al meer bewus geraak van die belangrikheid van die gebruik van baanstruktuurontleding (BSO) as 'n benadering tot oorsaaklike modellering (Green, Tull & Albaum 1988:548).

BSO ("path analysis") poog om oorsaaklikheid indirek te beraam deur dat 'n finale oorsaaklike model geskep word deur 'n proses van eliminasie. In hierdie proses moet teorie toepaslik vir die navorsingsvraag oorweeg word en verskeie beraamde korrelasiekoeffisiënte moet vergelyk word deur middel van data-ontleding. (Kleinbaum, Kupper & Muller 1988:38.)

In die proses van BSO moet 'n strukturele vergelykingsmodel opgestel word, wat die oorsaaklike verwantskappe tussen latente en waarneembare veranderlikes aandui (Cooper & Emory 1995:532). Hierdie model word gewoonlik grafies voorgestel sodat dit makliker verstaanbaar is en word dan 'n baanstruktuurdiagram genoem (Mels 1988:6). Kerlinger (1986:139) stel dit korter as hy sê:

"Path analysis is a graphic method of studying the presumed direct and indirect influences of independent variables on each other and on dependent variables."

## 2.4.2 Metode en Beginsels

Bevestigende faktoranalise modelle word verkry deurdat sekere faktorladings gelyk aan nul gestel word. Die feit dat parameters vir alle moontlike bevestigende faktoranalise modelle nie identifiseerbaar (beraambaar) is nie, veroorsaak 'n probleem. Hierdie probleem word oorkom deurdat die volgende groep van bevestigende faktoranalise modelle gebruik word:

- Ten minste  $m$  elemente van elke kolom van die faktorladingmatriks moet gelyk gestel word aan nul, gevvolglik moet op die meeste  $p-m$  veranderlikes gebruik word as metings vir 'n enkele faktor (latente veranderlike).
- Die variansies van al die  $m$  faktore (latente veranderlikes) word vasgestel op een om die interpreteerbaarheid van die beraamde faktorladings te vereenvoudig.
- Die faktore kan gekorreleerd of ongekorreleerd wees.

Verskeie rekenaarprogramme kan gebruik word om BSO-modelle te pas, waarvan bevestigende faktoranalise modelle 'n spesiale geval is. RAMONA (Reticular Action Model Or Near Approximation) het definitiewe meerderwaardige eienskappe bo al die ander programme en word sterk aanbeveel vir die passing van BSO-modelle op data. (Mels 1994.) Die onderwerp van rekenaarprogramme word verder in afdeling 2.4.3 en 2.5 bespreek.

Vervolgens 'n kort uiteensetting van Mels (1988:6-10) se basiese beginsels van BSO met latente veranderlikes.

1. 'n Waargenome veranderlike word aangedui met 'n reghoek of 'n vierkant. 'n Latente (nie-meetbare) veranderlike word voorgestel met 'n sirkel. Metingsfoute (residu veranderlikes) word ook beskou as latente veranderlikes en kan slegs 'n eenrigtingpyl uitsend.
2. 'n Eksogene (onafhanklike) veranderlike word geïdentifiseer as 'n veranderlike wat slegs eenrigtingpyle uitsend, maar geen eenrigtingpyle ontvang nie. Let daarop dat metingsfoute ook as eksogene veranderlikes beskou word. 'n Endogene veranderlike ontvang ten minste een eenrigtingpyl.
3. 'n Afhanklike verwantskap tussen twee veranderlikes word aangedui met 'n eenrigtingpyl.
4. 'n Tweerigtingpyl stel 'n kovariansie verwantskap voor. Die variansie van 'n spesifieke veranderlike word deur 'n kleiner tweerigtingpyl aangedui.

In die meeste praktiese toepassings is dit gerieflik om die variansies van die eksogene latente veranderlikes (alle metingsfoute uitgesluit), gelyk aan een te stel. Die gebruik van hierdie metode word aanbeveel, aangesien dit die noodsaaklikheid om ten minste een regressiekoëffisiënt gelyk aan een te stel, verhoed en verseker dat alle beschikbare parameters van die model geïdentifiseer word.

5. BSO-modelle verenig verskeie parameters. Hierdie parameters kan regressiekoëffisiënte wees asook die variansies en kovariansies (korrelasies) van spesifieke eksogene veranderlikes. 'n Gegewe waarde (gewoonlik een) word aan 'n vaste parameter toegeken en word

aangedui met 'n numeriese waarde langsaa'n baan. 'n Vry parameter is 'n onbekende parameter waarvoor 'n beraming gemaak moet word.

### 2.4.3 Ramona

RAMONA is 'n rekenaarprogram wat ontwikkel is deur Michael W. Browne en Gerhard Mels in 1988 om BSO te kan uitvoer. RAMONA se invoer word in terme van 'n baanstruktuurdiagram gespesifieer. Plummer (1994:17) en Mels (1988) beweer dat dit die eerste rekenaarprogram is wat die korrekte korrelasiestrukture gelewer het. Die algemene invoerstelsel van RAMONA word soos volg deur Mels (1994) uiteengesit :

```
"TITLE=          <Descriptive title for model (within 80 columns)>;  
MANIFEST=       <list of names (<= 8 characters) of all observed variables in the model>;  
LATENT=         <list of names (<= 8 characters) of all latent variables (factors and  
               measurement errors) in the model>;  
OPTIONS=        (DISP=CORR, NCASES=<number of observations>, METHOD=<method  
               of estimation>, OUTPUT=MED);  
SYSTEM=  
MEASUREMENT 1 of FACTOR 1 <--: (FACTOR1,*,*)(MEASUREMENT ERROR1,*,*)/  
•  
•  
•  
FINAL MEASUREMENT of FACTOR M <--: (FACTORM,*,*)/  
FINAL MEASUREMENT of FACTOR M <--: (FINAL MEASUREMENT ERROR,*,*)/  
FACTOR 1 <--> (FACTOR 1,0,1.0) (FACTOR 2,*,*)...(FACTOR m,*,*)/  
FACTOR 2 <--> (FACTOR 2,0,1.0) (FACTOR 3,*,*)...(FACTOR m,*,*)/  
•  
•  
•  
FACTOR M <--> (FACTOR M,0,1.0)/  
MEASUREMENT ERROR 1 <--> (MEASUREMENT ERROR 1,*,*)/  
•  
•  
•
```

FINAL MEASUREMENT ERROR <-> (FINAL MEASUREMENT ERROR, \*, \*);

\*\*\*\*

<CORRELATION MATRIX, COVARIANCE MATRIX OR RAW DATA>".

#### 2.4.4 Interpretasie van passingstoetse

RAMONA doen vyf toetse om te meet hoe goed 'n model pas. Die belangrikste twee toetse volgens Mels (1994) sal vervolgens bespreek word:

- "Root Mean Square Error of Approximation" (RMSEA) lewer 'n puntberaming en 'n 90 % vertrouensinterval. Hierdie is die beste toets vir 'n groot  $n$ . Indien  $\text{RMSEA} < 0.05$  is dit 'n goeie passing, indien  $\text{RMSEA} > 0.08$  is dit 'n swak passing en indien  $0.05 < \text{RMSEA} > 0.08$  is dit 'n redelike passing.
- "Expected Cross-Validation Index (CVI)" bereken 'n puntberaming en 'n CVI-waarde. Hierdie is die beste toets vir 'n klein  $n$ . Vir 'n goeie passing moet die puntberaming > CVI-waarde. Indien dit nie die geval is nie, is dit 'n swak passing.

Die  $\chi^2$  toetsstatistiek is nog 'n toets wat bereken word, maar is gevoelig vir die grootte van  $n$ . Die ander twee toetse is:

- steekproefteenstrydigheidsfunksie waarde en
- populasie teenstrydigheidsfunksie waarde.

Beide hierdie toetse meet hoe ver die model van die data afwyk. Hoe nader hierdie waardes neig na nul, hoe beter pas die model.

#### 2.5 REKENAARPROGRAMME EN -SAGTEWARE

Om die betroubaarheid van 'n meting met behulp van Cronbach se Alpha te meet sal SAS se CORR prosedure gebruik word.

Om die geldigheid van 'n meting te toets word faktoranalise gebruik. Die meeste statistiese sagteware pakkette kan faktoranalise hanteer. BMDP4M (Frane, Jenrich & Sampson 1990) is die egter die enigste statistiese sagteware pakket wat verkennende faktoranalise met 'n "Direct Quartimin" skuins-as rotasie kan uitvoer en gevvolglik sal dit gebruik word in die studie (Plummer 1994:24).

Indien bevestigende faktoranalise gebruik word om die korrelasiematriks van die latente veranderlikes te beraam, kan enige BSO sagteware (LISREL, BENWEE, EQS, SAS PROC CALLIS, BMDPPAR EN RAMONA) gebruik word. RAMONA is egter tans die enigste program wat die korrekte resultate vir alle korrelasiestrukture verskaf en sal gevvolglik in die studie toegepas word. (Plummer 1994:24.) Tans is 'n proses aan die gang waar RAMONA in die SYSTAT statistiese sagteware pakket geïnkorporeer word.

## HOOFTUK 3: NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 3.1 INLEIDING

In hoofstuk 2 is 'n literatuurstudie oor elkeen van die komponente van die studie uitgevoer. Daar word beoog om die teorie wat in hoofstuk 2 bespreek is, in hoofstuk 4 toe te pas en te illustreer. Om egter sinvolle gevolgtrekkings te maak, die resultate logies te kan interpreteer en die toepassingsproses met begrip te volg, moet die data eers beskrywend ontleed word. Hierdie aspek word in hoofstuk 3 aangespreek onder die volgende hoofde: metode, vraelys en die belangrikheid van die vlak van 'n meting.

### 3.2 METODE

Daar sal in die studie gepoog word om die toepassing van sekere tegnieke aan te toon en gevolglik is daar nie klem gelê op die insameling en verkryging van data nie. Data wat deur Boshoff, Bennett & Kaplan (1993:1-52) ingesamel is, op die gebied van psigometrika, is gebruik.

#### 3.2.1 Respondente

Die steekproef het bestaan uit 1791 lede van 14 verskillende professionele groepe in Suid-Afrika. Die ouderdomme van lede is beperk tot persone in die ouderdomsgroep 30 tot 44 jaar.

Aspekte wat as belangrik beskou is tydens die bepaling van die grootte van die steekproef is die volgende:

- die steekproefgrootte moes binne die finansiële- en tydsbegrottings wees
- die steekproef moes groot genoeg wees vir statistiese ontleidings wat nodig is om die navorsingsvrae behoorlik te kan beantwoord

- die verwagte responskoers moes minstens 33,3 % wees. Walker & Burdick (1978) beweer dat die responskoers vir posopnames kleiner as 50 % sal wees. Pressley (1980) sê egter dat opnames in 'n besigheidspopulasie 'n groter responskoers gee (50 tot 70 %) as opnames in die publieke sektor. Boshoff, Bennett & Kaplan (1993:1-52) het die verwagte responskoers konserwatief geskat op minstens 33,3 %.

'n Ewekansige steekproef van ongeveer 300 uit elke professionele groep is getrek. Die professionele groepe wat verteenwoordig is, die aantal vraelyste wat in elke geval uitgestuur en gebruik is, asook die responskoers is soos in tabel 3.1 uiteengesit.

**TABEL 3.1: Responskoerse van die verskillende professionele groepe**

PROFESSIONELE GROEP	Aantal vraelyste uitgestuur	Aantal vraelyste gebruik	Responskoers
Rekenmeesters	317	100	31.5 %
Argitekte	300	156	52.0 %
Prokureurs	299	98	32.8 %
Tandartse	297	107	36.0 %
Dieetkundiges	130	70	53.8 %
Mediese dokters	307	118	38.4 %
Ingenieurs	299	180	60.2 %
Verpleegsters	312	114	36.5 %
Aptekers	311	140	45.0 %
Fisioterapeute	319	133	41.7 %
Sielkundiges	300	111	37.0 %
Radiografiste	299	121	40.5 %
Maatskaplike werkers	300	151	50.3 %
Veeartse	294	192	65.3 %
<b>TOTAAL</b>	<b>4084</b>	<b>1791</b>	<b>43.9 %</b>

Die algehele responskoers was gevvolglik 43.9 % gewees. Vyf groepe het 'n responskoers van hoër as 50 % gehad.

### 3.2.2 Instrumente

Drie meetinstrumente is in Boshoff, Bennett en Kaplan (1993:1-52) se studie gebruik, te wete beroepsoriëntasie, werksbetrokkenheid en werkstevredenheid.

Die konstruk wat beroepsoriëntasie meet, is die eerste fase in die proses om beroepsankers te meet. Beroepsoriëntasie kan in terme van twee vrae gedefinieer word (Schein 1985:3):

*“... what is important to you and what are you looking for in your career?...”.*

Die werksbetrokkenheid konstruk het sy oorsprong gehad by Lodahl & Kejner (1965:24) wat die term gedefinieer het as

*“... the degree to which a person is identified psychologically with his work, or the importance of work in his total self-image.....the degree to which a person's work performance affects his self-esteem...”.*

Kanungo (1982) het 'n skaal ontwikkel wat psigometries beter was vir die meting van werksbetrokkenheid. Hy het werksbetrokkenheid gesien as 'n persoon se psigometriese betrokkenheid by sy/haar werk. Hierdie siening is ook vir die doeleindes van hierdie studie aangeneem.

Kanungo se skaal meet werksbetrokkenheid op 'n eendimensionele basis. Die betroubaarheid (Cronbach se Alpha) van die skaal in vorige studies het gewissel tussen 0.83 en 0.87.

Werkstevredenheid word gesien as die resultaat van 'n psigologiese vergelykingsproses wat die beoordeling van die huidige werkservaringe teenoor persoonlike vergelykingstandarde behels, met die implikasie dat beide negatiewe en positiewe

verskille mag voorkom, wat die verskillende grade van werkstevredenheid (of ontevredenheid) veroorsaak.

Daar word onderskei tussen intrinsieke werkstevredenheid (sekuriteit, onafhanklikheid, uitdaging en prestasie) en ekstrinsieke werkstevredenheid (werksomstandighede en inkomste).

Werkstevredenheid is gemeet deurdat die verkorte vorm van die "Minnesota Satisfaction Questionnaire" gebruik is. (Boshoff, Bennett & Kaplan 1993:1-9.)

### 3.3 VRAEYLES

Die vraeyles word in Bylaag A aangetoon en is in drie afdelings verdeel. Die vraeleys sal vervolgens kortliks bespreek word in terme van inhoud en datatipe (vlak van meting). Die tipe skaal (datatipe) en die eienskappe word deur Emory & Cooper (1995:143) soos in tabel 3.2 aangetoon.

**TABEL 3.2: Skaaltypes en eienskappe**

Tipe Skaal	Eienskappe van Skale
Nominaal	Geen rangorde, afstand of oorsprong nie.
Ordinaal	Rangorde, maar geen afstand of unieke oorsprong
Interval	Beide rangorde en afstand, maar geen unieke oorsprong nie
Verhouding	Rangorde, afstand en unieke oorsprong

#### **AFDELING 1 (BIOGRAFIESE INLIGTING)**

Hierdie afdeling bestaan uit elf vrae en kan volgens die tipe skaal (vlak van meting) in drie groepe ingedeel word.

- A. Vraag 1: Geslag, Vraag 3: Huistaal, Vraag 6: Werkgewer, Vraag 7: Beroep, Vraag 8: Veld van registrasie, Vraag 9: Deeltyds/Voltyds, Vraag 10: Verander

van rigting en Vraag 11: Dieselfde studierigting.

Bogenoemde vrae kan almal as nominaal geklassifiseer word. Nominale metings is die laagste vlak van meting (Kleinbaum, Kupper & Muller 1988:10). Wanneer 'n nominale skaal gebruik word, word die data in kategorieë verdeel wat onderling uitsluitend is en gesamentlik uitvoerbaar is. Elke respondent kan slegs in een kategorie geplaas word. Frekwensie-analise is op die data uitgevoer.

Frekwensies ten opsigte van geslag, huistaal en werkgewer word respektiewelik in tabelle 3.3, 3.4 en 3.5 opgesom.

**TABEL 3.3: Geslagsfrekwensies per professionele groep**

PROFESSIONELE GROEP	GESLAG	
	MANLIK	VROULIK
Rekenmeesters	100	0
Argitekte	147	9
Prokureurs	91	6
Tandartse	105	1
Dieetkundiges	2	68
Mediese dokters	91	25
Ingenieurs	177	1
Verpleegsters	6	107
Aptekers	67	72
Fisioterapeute	4	128
Sielkundiges	77	32
Radiografiste	2	119
Maatskaplike werkers	26	125
Veeartse	166	25
<b>TOTAAL</b>	<b>1061</b>	<b>718</b>

Die verskille in die totale tussen tabel 3.1 en tabel 3.3 is as gevolg van item non-respons of vermistte waardes. Vraelyste met hierdie probleem is uitgesluit.

**TABEL 3.4: Frekwensies van huistaal per professionele groep**

PROFESSIONELE GROEP	HUISTAAL		
	Engels	Afrikaans	Ander
Rekenmeesters	58	38	4
Argitekte	76	65	15
Prokureurs	38	54	5
Tandartse	41	63	2
Dieetkundiges	13	51	6
Mediese dokters	56	51	10
Ingenieurs	94	70	14
Verpleegsters	32	39	42
Aptekers	65	69	5
Fisioterapeute	64	61	7
Sielkundiges	30	79	1
Radiografiste	76	38	7
Maatskaplike werkers	25	94	31
Veeartse	99	82	10
<b>TOTAAL</b>	<b>767</b>	<b>854</b>	<b>159</b>

**TABEL 3.5: Frekwensie van werkgewer per professionele groep**

PROFESSIONELE GROEP	WERKGEWER			
	In eie diens	Staat	Privaat sektor	Afgetree/werkloos
Rekenmeesters	90	3	6	0
Argitekte	101	10	45	0
Prokureurs	86	4	7	0
Tandartse	85	19	1	0
Dieetkundiges	29	29	7	4
Mediese dokters	63	46	7	1
Ingenieurs	27	51	98	0
Verpleegsters	1	76	29	6
Aptekers	61	28	42	7
Fisioterapeute	69	34	19	10
Sielkundiges	34	59	11	2
Radiografiste	8	49	43	20
Maatskaplike werkers	7	59	60	17
Veeartse	119	40	31	1
<b>TOTAAL</b>	<b>780</b>	<b>507</b>	<b>406</b>	<b>68</b>

Nominale metings is egter nie gesik vir die toepassing van RAMONA nie en skale moet ten minste ordinaal van aard wees. Hierdie aspek lei tot 'n baie belangrike konsep: Wanneer navorsing gedoen word met die uiteindelike doel om 'n model te bou, moet die ontwerp van die vraelys van so 'n aard wees, dat die ingesamelde data so ver as moontlik ten minste ordinaal van aard is. (Mels 1994.)

Die data wat in hierdie studie gebruik sal word om relevante tegnieke te illustreer, is nie ingesamel met die doel om 'n model te bou nie, en gevvolglik kan geen van die vrae in groep A gebruik word nie.

**B. Vraag 4: Huwelikstatus.**

Hierdie vraag sou onder normale omstandighede as nominaal geklassifiseer word, maar gegrond op vorige navorsing wat in die veld gedoen is, kon die outeurs 'n rangorde toeken en word Vraag 4 as 'n ordinale meting beskou. Die verband tussen huwelikstatus en beroepsoriëntasie, werksbetrokkenheid en werkstevredenheid het daarop gedui dat persone met 'n sekere huwelikstatus deurgaans 'n beter telling ten opsigte van die drie konstrukte verkry. Die rangorde was: getroud, weduwee/wewenaar, ongetroud en geskei. Groep B kan gevvolglik gebruik word by die bou van die model.

**C. Vraag 2: Ouderdom en Vraag 5: Aantal kinders.**

Bogenoemde vrae word as 'n verhoudingmeting geklassifiseer. Verhoudingskale besit 'n natuurlike of absolute oorsprong. Verhoudingskale is die kragtigste van alle skaaltipes. Dit het die eieskappe van al die ander skaaltipes en nog meer. (Dillon, Madden & Firtle 1987:286.) Groep C is gevvolglik ideaal vir die bou van strukturele modelle.

**AFDELING 2 (BEROEPSANKERS)**

Hierdie afdeling word beroepsankers genoem, maar die 51 vrae bestaan eintlik uit 'n kombinasie van vrae oor beroepsoriëntering en werksbetrokkenheid. Die kombinasie is gebruik sodat die voorkoms van moontlike antwoordgroepe verswak kon word.

Die konstrukte is gemeet met 'n 10-punt skaal, waar 1=van geen belang nie tot by 10=uiters belangrik. Hierdie data word as interval data beskou en is gevvolglik ideaal vir die toepassing van faktoranalise en RAMONA.

### **AFDELING 3 (WERKSTEVREDENHEID)**

Hierdie afdeling meet werkstevredenheid en bestaan uit 'n verkorte weergawe van 20 vrae uit die Minnesota tevredenheidsvraelys. Die konstruk is met 'n 5-punt Likertskaal gemeet, waar 1=baie ontevrede tot by 5=baie tevrede. Likertskale kan op 'n item-tot-item basis ontleed word, of as 'n konstruk (Tull & Hawkins 1993:393). 'n Likertskaal vereis dat die respondent 'n graad van ooreenstemming met 'n sekere stelling moet aandui (Tull & Hawkins 1993:308).

Die ontwikkeling van 'n suiwer Likertskaal behels twee stappe:

- Ontwikkel skaalitems en versamel data
- Pas itemanalise toe om 'n finale, suiwer skaal beskikbaar te hê (Kervin 1992:320).

Die data van afdeling 3 word geklassifiseer as interval data en is net soos dié in afdeling 2 uiters geskik vir die ontledings wat gedoen moet word.

### ***3.4 DIE BELANGRIKHEID VAN DIE VLAK VAN 'N METING***

Die vlak van 'n meting is belangrik om die volgende drie redes:

- Hoër vlakke van meting verleen meer akkurate verwantskappe tussen verander-likes
- Hoër vlakke van meting stel die navorsers in staat om kragtiger statistiese toetse te kan uitvoer
- Hoër vlakke van meting verskaf meer inligting deurdat fyner diskriminasie tussen waarnemings gedoen word


(Kervin 1992:282.)

## HOOFSTUK 4: ONTLEDING VAN RESULTATE

### 4.1 INLEIDING

In hoofstuk 2 is 'n literatuurstudie oor elkeen van die komponente van die studie uitgevoer. Dié teorie sal nou toegepas word op die data wat in hoofstuk 3 bespreek is. Die werkswyse wat in hierdie hoofstuk gevvolg gaan word, word skematis voorgestel in figuur 4.1.

**FIGUUR 4.1: Struktuur van werkswyse vir hoofstuk 4**



## 4.2 MEETINSTRUMENTE EN BEPERKINGS

Die meetinstrumente of latente veranderlikes (soos bespreek in paragraaf 3.3) se komponente word in hierdie afdeling uiteengesit en die beperkings van die toepassings word bespreek. Die doel van die hoofstuk is nie om 'n perfekte model by die psigometriese data te pas nie, maar slegs om die toepassing van die tegnieke te illustreer.

Afdeling 2 van die vraelys (paragraaf 3.3) is saamgestel uit 'n meetinstrument vir werksbetrokkenheid en nege ewe moontlike meetinstrumente vir beroepsoriëntering. Die aanvanklike doel by die insameling van die data was om te toets watter een van die nege meetinstrumente die toepaslikste is op die Suid-Afrikaanse situasie.

Vanweë die beperkte omvang van hierdie studie is slegs een van die nege instrumente ewekansig gekies om die tegniek te kan illustreer en 'n model te kan bou. Ook is slegs een van die professionele groepe gekies. Die groepe met 'n responskoers van groter as 50 % (paragraaf 3.2.1, tabel 3.1) is vir die doel oorweeg en die Ingenieursgroep is ewekansig hieruit gekies.

Die beperkings ten opsigte van die veranderlikes wat vir BSO gebruik kan word is reeds in hoofstuk 3, paragraaf 3.3 uiteengesit. Alle datarekords wat vermiste datawaardes bevat is uitgelaat voordat enige statistiese ontledings gedoen is.

Vanweë al die beperkings soos in hierdie paragraaf uiteengesit, sal die uiteindelike steekproefgrootte vir ontledingsdoeleindes 171 wees.

Indien 'n perfekte model gepas moes word, sou daar afsonderlike modelle vir elkeen van die nege verskillende instrumente vir beroepsoriëntering gepas moes word. 'n Algehele model vir al die professionele groepe sou gepas kon word, asook 'n afsonderlike model vir elkeen van dié groepe. Die omvang van hierdie proses is egter van so 'n aard dat dit nie binne hierdie studie hanteer kan word nie.

Die komponente van die latente veranderlikes of meetinstrumente is uiteengesit soos in tabel 4.1.

**TABEL 4.1: Komponente van latente veranderlikes**

Latente veranderlikes	Veranderlikes soos in vraelys	Veranderlike name wat verder gebruik sal word
Beroepsoriëntering	Afdeling 2: Vrae 6, 14, 23, 35, 40 en 46	BO <sub>1</sub> - BO <sub>6</sub>
Werksbetrokkenheid	Afdeling 2: Vrae 22, 26, 28, 31, 34, 38, 45, 48 en 51.	WB <sub>1</sub> - WB <sub>9</sub>
Werkstevredenheid	Afdeling 3: Vrae 1 - 20	WT <sub>1</sub> - WT <sub>20</sub>

### 4.3 CRONBACH SE ALPHA

Cronbach se Alpha is die eerste stap in die suiwering of verfyning van 'n meetinstrument en is een van die metodes wat gebruik kan word om vir betroubaarheid te toets (paragraaf 2.2.3). SAS se PROC CORR met die ALPHA-opsie is gebruik om Cronbach se Alpha uit te voer.

Die resultate word soos volg geïnterpreteer: die individuele alpha-waardes vir elkeen van die veranderlikes is gelyk aan die waarde wat die Cronbach alpha koëffisiënt sou wees indien daardie spesifieke veranderlike uit die instrument verwyder sou word. Die doel is om die hoogste moontlike Cronbach alpha koëffisiënt (alpha-waarde van latente veranderlike) vir 'n meetinstrument te bepaal.

'n Eerste fase ontleding word op elke instrument uitgevoer. Indien enige van die individuele alpha-waardes groter as die Cronbach koëffisiënt is, word die veranderlike met die hoogste alpha-waarde uit die instrument verwyder. Die ontleding word dan herhaal (tweede fase ontleding). Hierdie proses word herhaal totdat geen individuele alpha-waarde groter as die Cronbach koëffisiënt is nie. Die gevolg van

hierdie proses is 'n suiwerder instrument met die hoogste moontlike Cronbach alpha vir elke latente veranderlike.

Die resultate van die toepassing van Cronbach se Alpha op elkeen van die latente veranderlikes sal vervolgens bespreek word.

#### 4.3.1 Beroepsoriëntering

Die eerste fase van ontleding se resultate was soos in tabel 4.2.

**TABEL 4.2: Cronbach se Alpha vir Beroepsoriëntering (eerste fase)**

Cronbach se koëffisiënt alpha = <b>0.706080</b>	
Veranderlike	Alpha
BO <sub>1</sub>	0.6876
BO <sub>2</sub>	0.6479
BO <sub>3</sub>	0.6700
BO <sub>4</sub>	0.6280
BO <sub>5</sub>	0.7021
BO <sub>6</sub>	0.6624

Tabel 4.2 toon 'n Cronbach alpha van 0.706, en individuele alpha-waardes wat varieer tussen 0.628 en 0.702. Aangesien geen van die individuele alpha-waardes groter as Cronbach se Alpha is nie, kan dié koëffisiënt nie verhoog word nie en daarom sal 'n tweede fase ontleding onnodig wees.

#### 4.3.2 Werksbetrokkenheid

Die eerste fase van ontleding se resultate was soos in tabel 4.3.

**TABEL 4.3: Cronbach se Alpha vir Werksbetrokkenheid (eerste fase)**

Cronbach se koëffisiënt alpha = <b>0.715853</b>	
Veranderlike	Alpha
WB <sub>1</sub>	0.6774
<b>WB<sub>2</sub></b>	<b>0.8186</b>
WB <sub>3</sub>	0.6831
WB <sub>4</sub>	0.6658
WB <sub>5</sub>	0.6448
WB <sub>6</sub>	0.7049
WB <sub>7</sub>	0.6427
WB <sub>8</sub>	0.6389
WB <sub>9</sub>	0.6845

Tabel 4.3 toon 'n Cronbach alpha van 0.716. Individuele alpha-waardes varieer tussen 0.643 en 0.819. Veranderlike WB<sub>2</sub> se individuele alpha-waarde (0.819) is groter as Cronbach se koëffisiënt alpha (0.716). WB<sub>2</sub> word uit die instrument verwijder en die ontleding word herhaal (tweede fase ontleding).

Die tweede fase van ontleding se resultate was soos in tabel 4.4.

**TABEL 4.4: Cronbach se Alpha vir Werksbetrokkenheid (tweede fase)**

Cronbach se koëffisiënt alpha = <b>0.818584</b>	
Veranderlike	Alpha
WB <sub>1</sub>	0.7997
WB <sub>3</sub>	0.8070
WB <sub>4</sub>	0.7962
WB <sub>5</sub>	0.7818
<b>WB<sub>6</sub></b>	<b>0.8272</b>
WB <sub>7</sub>	0.7779
WB <sub>8</sub>	0.7792
WB <sub>9</sub>	0.8095

Tabel 4.4 toon 'n Cronbach alpha van 0.819. Individuele alpha-waardes varieer tussen 0.778 en 0.827. Veranderlike  $WB_6$  se individuele alpha-waarde (0.827) is groter as Cronbach se koëffisiënt alpha (0.819).  $WB_6$  word gevvolglik ook uit die instrument verwijder en die ontleding word herhaal (derde fase ontleding).

Die derde fase van ontleding se resultate was soos in tabel 4.5.

**TABEL 4.5: Cronbach se Alpha vir Werksbetrokkenheid (derde fase)**

Cronbach se koëffisiënt alpha = <b>0.827201</b>	
Veranderlike	Alpha
$WB_1$	0.8146
$WB_3$	0.8242
$WB_4$	0.8042
$WB_5$	0.7869
$WB_7$	0.7806
$WB_8$	0.7856
$WB_9$	0.8252

Tabel 4.5 toon 'n Cronbach alpha van 0.827. Individuele alpha-waardes varieer tussen 0.781 en 0.825. Aangesien geen van die individuele alpha-waardes groter as Cronbach se Alpha is nie, kan dié koëffisiënt nie verhoog word nie en daarom sal verdere ontledings nie gedoen word nie.

### 4.3.3 Werkstevredenheid

Die eerste fase van ontleding se resultate was soos in tabel 4.6.

**TABEL 4.6: Cronbach se Alpha vir Werkstevredenheid (eerste fase)**

Cronbach se koëffisiënt alpha = <b>0.892400</b>	
Veranderlike	Alpha
WT <sub>1</sub>	0.8901
WT <sub>2</sub>	0.8927
WT <sub>3</sub>	0.8869
WT <sub>4</sub>	0.8885
WT <sub>5</sub>	0.8856
WT <sub>6</sub>	0.8848
WT <sub>7</sub>	0.8899
<b>WT<sub>8</sub></b>	<b>0.8949</b>
WT <sub>9</sub>	0.8909
WT <sub>10</sub>	0.8875
WT <sub>11</sub>	0.8836
WT <sub>12</sub>	0.8841
WT <sub>13</sub>	0.8905
WT <sub>14</sub>	0.8827
WT <sub>15</sub>	0.8823
WT <sub>16</sub>	0.8815
WT <sub>17</sub>	0.8859
WT <sub>18</sub>	0.8916
WT <sub>19</sub>	0.8861
WT <sub>20</sub>	0.8853

Tabel 4.6 toon 'n Cronbach alpha van 0.892. Individuale alpha-waardes varieer tussen 0.881 en 0.895. Veranderlike WT<sub>8</sub> se individuale alpha-waarde (0.895) is groter as Cronbach se koëffisiënt alpha (0.892). WT<sub>8</sub> word uit die instrument verwijder en die ontleding word herhaal (tweede fase ontleding).

Die tweede fase van ontleding se resultate was soos in tabel 4.7.

**TABEL 4.7: Cronbach se Alpha vir Werkstevredenheid (tweede fase)**

Cronbach se koëffisiënt alpha = <b>0.894851</b>	
Veranderlike	Alpha
WT <sub>1</sub>	0.8930
WT <sub>2</sub>	<b>0.8953</b>
WT <sub>3</sub>	0.8895
WT <sub>4</sub>	0.8909
WT <sub>5</sub>	0.8885
WT <sub>6</sub>	0.8875
WT <sub>7</sub>	0.8928
WT <sub>9</sub>	0.8938
WT <sub>10</sub>	0.8903
WT <sub>11</sub>	0.8860
WT <sub>12</sub>	0.8868
WT <sub>13</sub>	0.8934
WT <sub>14</sub>	0.8852
WT <sub>15</sub>	0.8843
WT <sub>16</sub>	0.8836
WT <sub>17</sub>	0.8890
WT <sub>18</sub>	0.8948
WT <sub>19</sub>	0.8891
WT <sub>20</sub>	0.8877

Tabel 4.7 toon 'n Cronbach alpha van 0.8948. Individuele alpha-waardes varieer tussen 0.884 en 0.895. Veranderlike WT<sub>2</sub> se individuele alpha-waarde (0.895) is groter as Cronbach se koëffisiënt alpha (0.8948). WT<sub>2</sub> word gevvolglik ook uit die instrument verwijder en die ontleding word herhaal (derde fase ontleding).

Die derde fase van ontleding se resultate was soos in tabel 4.8.

**TABEL 4.8: Cronbach se Alpha vir Werkstevredenheid (derde fase)**

Cronbach se koëffisiënt alpha = <b>0.895313</b>	
Veranderlike	Alpha
WT <sub>1</sub>	0.8938
WT <sub>3</sub>	0.8902
WT <sub>4</sub>	0.8915
WT <sub>5</sub>	0.8888
WT <sub>6</sub>	0.8878
WT <sub>7</sub>	0.8934
WT <sub>9</sub>	0.8945
WT <sub>10</sub>	0.8908
WT <sub>11</sub>	0.8865
WT <sub>12</sub>	0.8872
WT <sub>13</sub>	0.8940
WT <sub>14</sub>	0.8853
WT <sub>15</sub>	0.8846
WT <sub>16</sub>	0.8838
WT <sub>17</sub>	0.8894
<b>WT<sub>18</sub></b>	<b>0.8956</b>
WT <sub>19</sub>	0.8897
WT <sub>20</sub>	0.8887

Tabel 4.8 toon 'n Cronbach alpha van 0.895. Individuele alpha-waardes varieer tussen 0.884 en 0.896. Veranderlike WT<sub>18</sub> se individuele alpha-waarde (0.896) is groter as Cronbach se koëffisiënt alpha (0.895). WT<sub>18</sub> word gevvolglik ook uit die instrument verwijder en die ontleding word herhaal (vierde fase ontleding).

Die vierde fase van ontleding se resultate was soos in tabel 4.9.

**TABEL 4.9: Cronbach se Alpha vir Werkstevredenheid (vierde fase)**

Cronbach se koëffisiënt alpha = <b>0.895591</b>	
Veranderlike	Alpha
WT <sub>1</sub>	0.8937
WT <sub>3</sub>	0.8901
WT <sub>4</sub>	0.8915
WT <sub>5</sub>	0.8893
WT <sub>6</sub>	0.8885
WT <sub>7</sub>	0.8940
WT <sub>9</sub>	0.8951
WT <sub>10</sub>	0.8907
WT <sub>11</sub>	0.8863
WT <sub>12</sub>	0.8877
WT <sub>13</sub>	0.8951
WT <sub>14</sub>	0.8849
WT <sub>15</sub>	0.8843
WT <sub>16</sub>	0.8834
WT <sub>17</sub>	0.8904
WT <sub>19</sub>	0.8908
